

Die Muur en Poorte van Jerusalem

Die muur en poorte van Jerusalem

Om die boek van Nehemia te verstaan moet ek net vlugtig die vorige geskiedenis aanhaal.

Die 12 stamme of 12 seuns van Jakob (*wat Yashar'EL later geheet het*) het weens hulle afvalligheid VADER toornig gemaak. Telkemaal was hulle gestraf tot en met HY hulle uit hul woongebiede verjaag het. Eers het HY die 10 stamme (*bekend as die huis van Yashar'EL*) weggeruk uit hul woongebied en hulle tussen die heiden volke laat woon. Nie lank daarna het VADER die oorblywende 2 stamme (*bekend as die huis van Juda*) na Babel laat wegvoer. Hulle was nou die Judeërs wat gebly het in Jerusalem waarvan die stad verwoes geword het en die mure met hul poorte verbrand geword het. Hulle het toe in Babel vir 70 jaar gaan woon waarvan na die 70 jaar tydperk Daniël vir die volk gebid het dat hulle weer terug kon keur na Jerusalem. Esra het toe die volk terug gevat en die tempel en huise laat herbou, maar nie die verbrande mure nie. 70 Jaar later was daar nog steeds Judeërs in Babel wat nie saam met Esra teruggetrek het na Jerusalem toe nie, waarvan Nehemia een van die nageslagte was. Nou hier kom Nehemia met van die volk in aanraking wat op hulle beurt kom kuier het vir hulle familie in sy distrik waar hy die koning van Babel gedien het as 'n wyn proeër.

Nou met die ontmoeting vra hy hoe gaan die met sy mens daar in Jerusalem: *Neh. 1:3 En hulle het vir my gesê: Die oorgeblewenes wat vryekom het uit die gevangenskap daar in die provinsie, verkeer in groot ellende en in smaad, en die muur van Jerusalem lê stukkend en sy poorte is met vuur verbrand.* Die woorde het Nehemia getref en bedroef gemaak. Hy begin toe dadelik vas en bid tot VADER. Van sy woorde aan VADER was: *Neh. 1:8,9 Dink tog aan die woord wat U aan Moses, U kneg, beveel het, naamlik: As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi; :9 maar as julle jul tot My bekeer en My gebooie onderhou en dit doen—al was julle verjaagdes aan die einde van die hemel, dan sal Ek hulle daarvandaan versamel en hulle bring na die plek wat Ek verkies het om My Naam daar te laat woon.* Dus het Nehemia sy geskiedenis geken om dit aan te kan haal by VADER.

Die koning Artasásta kom toe agter dat Nehemia bedroef was en spreek hom aan. Nehemia verduidelik die situasie aan die koning en die koning sê: *Neh. 2:4,5 Daarop vra die koning my: Wat is dan jou begeerte? En ek het tot die God Skepper van die hemel gebid :5 en aan die koning gesê: As die koning dit goedvind en as u dienaar welgevallig is in u oë, stuur my dan na Juda, na die stad waar my vaders begrawe lê, dat ek dit kan opbou.*

Wat hier opgelet moet word is dat Nehemia vir die koning noem dat sy voorvaders daar begrawe lê, dus sy biologiese voorouers het (en) gewoon in Jerusalem.

Nehemia kry toestemming en allerhande magtigings briewe van die koning om Jerusalem te herbou. Nehemia gaan en sien toe met 'n 3 dag ondersoek dat dit baie sleg met die stad gaan. Hy gaan toe na die edeles van die stad: *Neh. 2:17 Daarop sê ek vir hulle: Julle sien die nood waar ons in is, dat Jerusalem woes lê en sy poorte met vuur verbrand is; kom, laat ons die muur van Jerusalem opbou, dat ons nie langer 'n voorwerp van smaad kan wees nie.* Vir eers murmureer hulle, maar Nehemia motiveer hulle om te bou. Met die bou werk wat begin kom daar toe ander volke om te help bou aan die muur, maar Nehemia antwoord hulle: : *Neh. 2:20 Toe antwoord ek hulle en sê vir hulle: Die ~~God~~ Skepper van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk, en ons, Sy knegte, sal ons klaarmaak en bou; maar julle het geen deel of reg of gedagtenis in Jerusalem nie.* Dus distansieer hy sy mense weg van die ander volkere. Hy lê attent daarop dat hulle nie die reg het of gedagtenis het om die baie belangrike muur te bou nie. Dus was hulle die heiden volke waarvan YAH hulle in die verlede kort, kort gewaarsku het. Die heidene het met alle taktiek voor 'n dag gekom om die werke aan die muur te stop waarvan Nehemia na vore gekom het: *Neh. 4:14 En ek het dit gesien en my opgerig en aan die edeles en die leiers en die ander mense gesê: Julle moet nie bang wees vir hulle nie; dink aan die grote en gedugte ~~HERE~~ VADER, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vroue en julle huise.* Let op dat dit weereens gaan oor biologie nl.: broers, seuns, dogters en vrouens.

Die bouers aan die muur was vasberade en gemotiveerd deur Nehemia al was hulle gedreig: *Neh. 4:17,18 Van die bouers aan die muur het die lasdraers hulle werk so gedoen dat hulle met die een hand die werk verrig het, terwyl die ander hand die werpspies vashou, :18 en die bouers het elkeen sy swaard aan sy heupe gegord en gebou, terwyl die basuinblaser by my gestaan het.*

Terwyl die volk besig was met die bou van die muur en poorte het sekere behoeftes ontstaan: *Neh. 5:1-13 En daar het 'n groot geroep van die volk en van hulle vroue ontstaan teen hulle broers, die ~~Jode~~ Judeërs; :2 en sommige het gesê: Ons seuns en ons dogters, ons is baie; ons wil koring hê, dat ons kan eet en lewe! :3 En ander het gesê: Ons lande en ons wingerde en ons huise moes ons verpand, sodat ons koring kon koop in die hongersnood!*

Neh.5:4 En ander weer het gesê: Ons het op ons lande en ons wingerde geld geleen vir die belasting aan die koning. :5 En nou, ons vlees is soos die vlees van ons broers en ons kinders soos hulle kinders, en tog moet ons nou ons seuns en ons dogters tot slawe verneder, en van ons dogters is al verneder sonder dat ons daar iets aan kan doen, en ons lande en ons wingerde behoort aan ander. :6 En ek (Nehemia) was baie verontwaardig toe ek hulle geroep en hierdie woorde hoor. :7 En ek het by myself beraadslaag en met die edeles en die leiers getwis en aan hulle gesê: Julle leen uit op woeker, elkeen aan sy broer! En ek het 'n groot vergadering teen hulle belê: 8 en aan hulle gesê: Ons het ons ~~Joodse~~ Judeërs broers wat aan die heidene verkoop was, na ons vermoë losgekoop; en tog verkoop julle jul broers, sodat hulle hul aan ons moet verkoop. En hulle het geswyg en geen antwoord gevind nie. :9 Verder het ek gesê: Dit is nie goed wat julle doen nie. Moet julle nie in die vrees van onse ~~God~~ Skepper wandel ter wille van die smaad van die heidene, ons vyande, nie? :10 Ek self, my broers en my mense het ook aan hulle geld en koring geleen; laat ons tog hierdie lening kwytskeld. :11 Gee dan vandag nog hulle lande, hulle wingerde, hulle olyfbome en hulle huise aan hulle terug, en die honderdste deel van die geld en die koring, die mos en die olie wat julle aan hulle geleen het. :12 Daarop sê hulle: Ons sal dit teruggee en niks van hulle vorder nie; ons sal net so handel soos u gesê het. En ek het die priesters geroep en hulle laat sweer om volgens hierdie woord te handel. :13 Ook het ek my boesem uitgeskud en gesê: Mag ~~God~~ Skepper so elke man uitskud wat hierdie woord nie bevestig nie, uit sy huis en uit sy besitting; en mag hy so uitgeskud en leeg wees! Toe sê die hele vergadering: ~~Amen~~ Amein! en hulle het die ~~HERE~~ VADER geprys. En die volk het volgens hierdie woord gehandel.

Duidelik kry ons die boodskap tot hulp in die gelese verse.

(Meer hieroor aan die onderkant tot verduideliking).

Wat ek wel moet uitwys is dat nadat die ooreenkoms met die edeles gesluit was het Nehemia hulle na die priesters gevat om 'n "kontrak swering" te doen sodat daar nie 'n terugkeer op hulle woord kan wees nie.

Met die voltooiing van die muur en poorte het Nehemia begin met orde in die stad met sy bewoners: *Neh. 13:1 Op dié dag is daar voor die ore van die volk voorgelees uit die boek van Moses, en daarin het geskrywe gestaan dat geen Ammoniet of Moabiet tot in ewigheid in die vergadering van ~~God~~ Skepper mag kom nie, :2 omdat hulle die kinders van Israel Yashar'EL nie teëgekomp het met brood en water nie, en Bileam teen hulle gehuur het om hulle te vervloek; maar onse ~~God~~ Skepper het die vloek in 'n seën verander.*

Neh.13:3 En toe hulle die wet hoor, het hulle al die mense van gemengde bloed uit Israel Yashar'EL afgesonder. Dus het Nehemia weer die geskiedenis (perkament rolle) van die volk voor 'n dag gebring en gelees voor die volk sodat dit weer geïmplementeer kan word. Wat weereens opgelet moet word is die afgesonderdheid / apartheid/ een gekantheid wat belangrik was tot bestaan van 'n volk.

Met die openbaringe uit die geskiedenis het Nehemia streng op sekere punte gedruk wat baie belangrik was soos om afgesonderd te wees en: *Neh. 13:17 En ek het met die edeles van Juda getwis en vir hulle gesê: Watter verkeerde ding is dit wat julle doen, dat julle die Shabbatdag ontheilig ontreinig? :23 In dié dae het ek ook ~~Jode~~ Judeërs gesien wat Asdodiese, Ammonitiese, Moabitiese vroue getrou het. :24 En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ook al; maar hulle kon geen ~~Joods~~ Hebreeus praat nie. :25 Daarom het ek met hulle getwis en hulle gevloek, en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk en hulle by ~~God~~ Skepper besweer: Julle mag julle dogters nie aan hulle seuns gee, en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julleself neem nie!*

(Net in kort die uitwysing oor die Shabbat waaroor Nehemia streng oor was. *Neh. 7:3 en ek het vir hulle gesê: Die poorte van Jerusalem mag nie oopgemaak word voordat die son warm is nie; en terwyl hulle nog op wag staan, moet die deure toegesluit word, en julle moet dit dig grendel; en julle moet van die inwoners van Jerusalem wagte uitsit, elkeen op sy pos en elkeen teenoor sy huis. Wanneer is die dag op sy warmste? Is dit nie 12 uur die dag nie? M.a.w. wanneer die dag begin!*

Neh. 13:19 En sodra dit in die poorte van Jerusalem voor die Shabbat donker was, het ek gesê dat die deure gesluit moes word; en ek het gesê dat hulle dit nie mag oopmaak tot ná die Shabbat nie, en van my mense het ek by die poorte aangestel: geen vrag het op die Shabbatdag mag inkom nie. Neh.7:3 wys vir ons uit dat die dag begin as die son op sy warmste is en sluit met Neh.13:19 wanneer die poorte donker geword het. Kom ons vat 'n voorbeeld: Die son kom van die ooste en belig die oostelike kant van die poortdeur; Dus is die weste kant donker. As die son oor die poort beweeg na die weste gedurende die dag sal die weste kant belig wees en die oostelike kant donker. Wanneer is die deur saam met die poort donker? Is dit nie om 12 uur die dag nie? ;)

Ek gaan kortliks die poorte bespreek en dan gaan ek oor om die muur te verduidelik.

Daar was 12 poorte in die muur van Jerusalem. Elk van die poorte het 'n naam en betekenis gehad.

- 1) Skaap poort. Die naam betekenis is: “'n volle getal van dieselfde soort”
Bv.: 'n Trop skaap waarvan dit 10 of 50 skape moet wees. Die skape kan dus getel word as 'n eenheid om te sien dat daar nie kort is nie.
- 2) Vis poort. Die naam beteken: “Enkele van die globaal/ hoeveelheid”
Bv.: 'n klomp vis word gevang en hopelik is daar eetbare vis tussen die vangs. Vis word nie soos skaap aangekeer of getel nie en is dus 'n individuele uit 'n gemengde groep.
- 3) Ou poort. Die naam beteken: “Bekende” Die verlede wat bekend was waar dood, twis, tweedrag voort gewoed het in die same lewe {saam gelewe met die heiden, saam met die heiden hulle gode aanbid}
- 4) Efraim poort. Die naam beteken “Vrugbaarheid” Nuwe lekker lewe en vooruitstrewend waar die edele woon. Beskerm en welvaart in die aardse skatte.
- 5) Dal of Vallei poort. Plek van die offers. Kindere offers is aan die god Molog geoffer in daardie mooi vallei.
- 6) As of Vullis poort. Die naam van die poort gee homself weg. Dit was die vuilgoed gat wat party genoem het Armageddon, want daar het altyd 'n vuur gebrand en dus 'n slegte reuk afgegee.
- 7) Fontein poort. Dit beteken “Lewende water” Hiskia het 'n pyplyn in die stad Jerusalem laat grawe vanaf die fontein buite die stad. Dit was helder skoon water wat 'n simbool van die rein “Gees” gedra het.
- 8) Water poort. Dit beteken 'n “Vervulde lewe” Soos die fontein water gegee het, het hulle die water verdeel in die stad. Dus die wat van die water drink het die simbool van die ontvangs van die “Gees” gehad weens die helder skoon water.

9) Perde poort. Beteken “Oorlog.” Perde in daardie tyd was in die algemeen gebruik om oorlog me te maak. Die perd was die oorlog tenk kan jy sê. Hulle het met hul perde altyd die vyande bestorm waarvan die perde onverskrokke na hul meesters geluister het.

10) Oos poort. Bekend as die “Goue” poort. YAHUSHA het op ‘n donkie voor Sy foltering deur die Oos / Goue poort gery in Jerusalem.

11) Wag of Inspeksie poort. Dit beteken “Opstanding” Die Jode glo dat dit die poort sal wees wat YAHUSHA sal gebruik met Sy wederkoms. Baie van die edeles se grafte lê rondom die poort wat altyd gesluit is. Die poort ‘soos hulle reken’ sal geopen word die dag as YAHUSHA dit gaan gebruik.

12) Gevangene poort. Onbekend

Nou die konklusie, vergelykings en oplossings.

Nehemia

Nehemia het na Jerusalem gegaan en die muur laat bou deur sy eie mense. Die muur wat hy laat bou het skenk sekuriteit soos ‘n weermag en polisie vir sy inwoners. Die poorte in die muur bring beheer oor wie in en uit die stad mag gaan. Protes het hy ontvang van die heiden volke wat tussen hulle as same lewendes was. Die heiden wou saam bou aan die muur, maar Nehemia het dit nie toegelaat nie. Met motivering en bemoediging aan sy eie mense het Nehemia hulle aangemoedig om aan te hou met die bou van die muur, want hulle doen dit vir hulle seuns, dogters, vroue en huise. Die heiden volke het die Yashar’EL so verpes met die bou aan die muur dat Nehemia hulle beveilig het met wapens en trompetblasers.

YAHUSHA

YAHUSHA het na Sy uitverkore gegaan en vir hulle ‘n muur gebou tot beskerming. HY sorg dat daar 12 poorte is vir in en uit na die Nuwe Stad Jerusalem. Protes het Hy ontvang van die heiden volke wat tussen Sy uitverkore was as same lewendes. Die heiden wou saam bou aan die muur, maar YAHUSHA het dit nie toegelaat nie. Met motivering en bemoediging aan Sy uitverkore het YAHUSHA hulle aangemoedig om aan te hou met die bou van die muur, want hulle doen dit vir hulle seuns, dogters, vroue en huise. Die heiden volke het die Yashar’EL so verpes met die bou aan die muur dat YAHUSHA Sy mense beveilig het met wonders en tekens.

Andries Pretorius

Andries Pretorius gaan na Natal en bou 'n laer op die rivieroewer bekend as die Nhomarivier (Later Bloedrivier) deur sy eie mense. Die walaer bou hy van waens en voorafvervaardigde hekke tussen die waens. Die geboude laer skenk beskerming en sekuriteit. Hy sorg dat daar poorte in die laer is vir in en uitgaan. Die Zoeloe mag het geprotesteer as die heiden volk wat wel tussen die Boere gelewe het. Met motivering en bemoediging aan sy eie mense in die laer het Andries en Sarel hulle aangemoedig om aan te hou met die bou van die laer en dat hulle nie moet vrees nie, want hulle doen dit vir hulle seuns, dogters, vroue en huise. Die heiden volke het die Boere Yashar'EL so verpes met die samelewing dat Andries moes trek en laer bou om sy mense te beveilig met wapens en kanonne.

Wat leer ons hieruit en wat staan ons as Blanke Yashar'EL Boere te doen? Ons lees in *Jes. 58:12* *En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou; die fundamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouwer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak.* Is die antwoord duidelik? Dus net die Boer kan uit die puin weer opstaan en herbou. Geen ander volk mag aan die Boervolk bou nie. Dit gaan oor die biologiese bloedlyn of die uitverkore van YAH.

Ons lees in *Neh. 5:9* *Verder het ek gesê: Dit is nie goed wat julle doen nie. Moet julle nie in die vrees van onse ~~God~~ Skepper wandel ter wille van die smaad van die heidene, ons vyande, nie?* Kan julle sien wie die vyand is? Daar is geen volk tans op aarde wat 'n vriend is vir die Boer nie. Ons medebroers in Jakob / Yashar'EL is ook tans teen ons as 'n Boere volk. Slegs die Boer het opgestaan in soveel veldslae in die verlede tot bestaan. Al wat hulle gehad het was hulle Skrif, roer en perd. Telkemaal was hulle in 'n situasie met samelewing. Om saam te leef met die volke rondom jou?

Die Skrif sê tog duidelik: *Num. 23:9* *Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie. Deut. 7:6* *Want jy is 'n volk heilig afgesonderd aan die ~~HERE~~ YAH jou ~~God~~ Skepper; jou het die ~~HERE~~ YAH jou ~~God~~ Skepper uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, Sy eiendomsvolk te wees (Afgesonderdheid {Verbastering} Gen.24:3,4 ; 43:32.; 46:34.;Ex.2:11-13.; 11:7.;Lev.20:26.;Num.23:9.; 25:1-18.; Deut.7:1- 6.; 14:2.; 17:15.; 23:2-6.; 32:8,9.; Jos.23:11-13.; 2 Sam.7:23,24.;1 Kon.8:53; Esra.4:3.; 9:12.; 10:2-12.;Neh.2:20.; 10:29,31.; 13:1,3.;Job.24:1-25.;Ps.135:4;Jes.1:29 ;20:4,5; 41:8-10.; 43:1.; 63:19.; 44:21-23.;Jer.2:14.; 13:23.; Klaag. 1:10.; Eseg.16:1-63 ;28:24-26.; 34:30,31.; 37:21,22.; Amos.3:1,2.; Miga.5:1-3.; Sag.14:21.; Mal.2:15.; Matt. 10:6.; 15:24,26.; 19:28.; 25:32,34.; Joh.17:8,9.; Luk.1:33,55,68.; 16:8; 19:10.;
Uitverkiesing:Deut.4:37; 7:6,7; 10:15; 14:2; Jes.41:8,9; 45:10. Eseg.20:5.;*

Mark.13:20. Joh.15:19; 1 Pet.2:9. **Naaste/ Bloed/ Kleur:** Gen.35:11; 48:19. Ex.2:11-13; 12:38; 19:16-18; 22:19. Lev.18:23; 20:15,16. Num.25:6-8. Deut.7:1-4; 23:6. Rug.9:7-15.; Jer.13:23; 31:27. Hos.4:2. Eseg.23:18; 36:32. Dan.2:43. Mal.1:2,3. Matt.7:6; 3:7-9; 10:5,6; 15:26. Luk.10:25-37; 22:29-30. Joh.1:1,14; 17:6; 2Kor.19:2. 1Tim.5:8. Hand.13:23,36; 17:26-28) dat die “volk” van YAH afgesonder is van die heiden volkere. Weet jy nou wie die heiden volkere is in Suid Afrika? Is dit nie alle swart stamme en basters tussen die Boer nie? So is daar ook die wit vel wat lyk soos die uitverkore dié liberaal!

Voor ek verder gaan, gaan ek ‘n kort verduideliking gee hoe eiendomsbesit werk in ‘n land wat aan YAH behoort (*Stuk aarde of selfs ‘n besigheid*). Baie dink as hy ‘n eiendom gekoop en betaal het dat dit nou 100% aan hom behoort en dat hy kan doen soos hy wil met dit wat hy met geld gekoop het. Die ryk en edelman verorber behoorlik gronde en besighede tot eie satisfaksie. Hulle vertrap en onderdruk baie om nog meer en meer te bekom. Hulle mikpunt is om elke jaar ‘n plaas of besigheid by te koop om sy monopolie status te verhoog. Hulle stel tiental goedkoop werkers aan met minimum loon sodat hulle maksimum geld daaruit kan kry. Uit hul vraatsug belê hulle hul woeker en afpersers geld op geldmarkte om nog meer te verdien.

Nou YAH sê duidelik in *Deut. 10:14 Kyk, aan die ~~HERE~~ YAH jou God Skepper behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Hag 2:8 Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek die ~~HERE~~ YAH van die leërskaar*. Dus is die antwoord dat niks aan die mens behoort nie, en tog is daar ook ‘n lering in die volgende skrif gedeelte waar YAH droogte op die wêreld toegelaat het: *Gen 47:18-25 Toe dié jaar om was, het hulle na hom gekom in die tweede jaar en vir hom gesê: Ons kan dit vir my heer nie wegsteek nie, maar die geld is op en die besitting aan vee is my heer s'n. Daar het niks vir my heer oorgebly nie as net ons lyf en ons grond. :19 Waarom moet ons voor u oë te gronde gaan, ons sowel as ons landerye? Koop ons en ons grond vir brood, dan sal ons met ons grond aan Farao diensbaar wees; en gee saadkoring, dat ons kan lewe en nie sterwe nie, en dat die grond nie woens word nie. :20 So het Josef dan al die grond van Egipte vir Farao opgekoop, want die Egiptenaars het elkeen sy stuk grond verkoop, omdat die hongersnood vir hulle te swaar was. So het die land dan Farao se eiendom geword. :21 En wat die volk betref—hy het hulle laat verhuis na die stede, van die een end van die Egiptiese gebied na die ander end daarvan.:23 Toe sê Josef aan die volk: Kyk, ek het vandag julle en jul grond vir Farao gekoop: daar is saadkoring vir julle, dat julle die grond kan besaai. :24 En by die insameling moet julle ‘n vyfde deel aan Farao afgee, en die ander vier dele sal julle eiendom wees, as saad vir die land en as voedsel vir julleself en die wat in julle huise is, en as voeding vir julle kinders. :25 En hulle antwoord: U het ons lewe gered. Laat ons guns mag vind in die oë van my heer, dan sal ons die dienaars van Farao wees.*

Nou dat ons weet dat alles aan YAH behoort en dat Hy orde instel as lering vir Sy uitverkore moet ons oplet na die volgende: Die Egiptenaar verkoop alles wat hy het (selfs sy liggaam) en besit niks meer op aarde nie. Die Egiptenaar ontvang (kom ons noem dit as lewenslange) ten volle alles wat hy nodig het 'vir hom en sy gesin' om van te lewe. Al wat hy nou moet doen is om van die winste 20% eenkant te hou vir die Faro.

Vergelyking: Ons as Boere Yashar'EL moet alles aan YAH verkoop (*gaan in jou binnekamer en verkoop alles sodat jy beseft dat dit nou aan YAH behoort*) sodat niks meer aan jou behoort nie (*selfs jou liggaam*). Jou plaas of besigheid behoort nie meer aan jou nie, maar aan YAH. YAH gee jou alles wat jy nodig het, maar verwag Sy tiende van jou. Hy noem in: *Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in My huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE YAH van die leërskaar, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.* Dus verwag YAH Sy tiende (10%) van die 100% wat hy aan jou skenk.

Kom ons gaan weer terug om die hele scenario saam te vat:

Ons as die Boervolk wat aan die Suidpunt van Afrika ontstaan het uit die Duitser, Fransman en Nederlander het by YAH 'n stuk aarde ontvang. Baie puinhope (bloed) het oor die eeue ontstaan waar die Boer basies die stuk aarde gekoop het. Kort, kort het die Boer opgestaan, maar weens 'n gebrek aan kennis was hulle maar weer op die puinhope. Hulle onderhandel met die heiden en ander volke om hul gekoopte land (*van YAH ontvang*) in 'n "saamlewe" land daar te stel.

Hulle het bv. na die Tweede Anglo-Boereoorlog (3j oorlog) op 31/ 05/ 1902 afgevaardigdes van die Boererepublieke en die Britse Ryk die Vredesverdrag van Vereeniging onderteken. Die Boererepublieke is gedwonge af geteken en deel van die Britse Ryk geword. Die vredesooreenkoms word die 'Vrede van Vereeniging' genoem. Die verdrag is onderteken in Melrose Huis in Pretoria, wat in die laaste dae van die oorlog, die militêre hoofkwartiere van die Britse Magte was. Die ondertekenaars aan die Boere se kant was:

Gen. Schalk Burger (waarnemende President van die ZAR)

F. W. Reitz (ZAR staatsekretaris en voormalige President van die OVS)

Komm. Gen. Louis Botha (Hoof van die ZAR magte)

Adjunk-Komm. Gen. Koos de la Rey

Gen. J. B. M Hertzog

Komm. Gen. C. R de Wet (waarnemende President van die OVS)

Jan Smuts wat deel was van die onderhandelings en opstel van die traktaat het tydens die onderhandeling die volgende gesê:

“Broers, ons het besluit om tot die bittere einde te staan; laat ons soos manne erken dat daardie einde vir ons gekom het, in bitterder vorm gekom het as wat ons ooit gedink het.

Vir ’n ieder van ons sou die dood ’n soeter en sagter einde gewees het as die stap waartoe ons nou sal moet oorgaan. Niemand sal my ooit oortuig dat die ongeëwenaarde opofferings tevergeefs sal wees nie.

Die vryheidsoorlog vir Suid-Afrika is gestry, nie alleen vir die Boere nie, maar vir die ganse volk van Suid-Afrika.”

Na 31/05/1902 moes die Boer verder hul knie buig tot verandering. In 1910 het hulle die “Die Unie van Suid-Afrika” onderteken. Nog nie tevrede nie toe moes hulle in 1961 oorgaan in ’n Republiek van Suid-Afrika.

Hoor jy die vertrapping van die Boervolk? Sien jy dat die laer wat getrek was in Andries Pretorius se tyd in puin lê?

Wat staan ons nou te doen?

Hier is ’n paar riglyne wat Nehemia vir ons deurgee nl.:

1) Kry die volk weer bymekaar en gee hulle die opdrag om op te staan. (*Wie gaan opstaan? Slegs die arm en middelklas. Dit is oor die eeue bewys dat die edele en ryke nie in opstand kom nie, maar eerder iemand huur om hulle vuil werk te doen*).

2) Doen ’n beroep op die ryk en edele om die arme te akkommodeer

3) Laat alle Boere besittings soos plase en besighede slegs sy eie Boere mense betrek.

4) Geen plaas of besigheid mag in vreemde hand val nie. Enige vaste eiendom behoort aan die volk van Suid Afrika. Dit was aan ons gegee deur YAH tog behoort dit nog steeds aan Hom. Ons besit daardie regte wat ons Koning vir ons gegee het en daarom moet die ryke “sy eiendom” op deel en gee aan arm blanke Boere. Die wat baie besit skenk dit aan jou broer wat nie het nie. Maak jou broer in nood weer aan jou gelyk.

5) Stop om die swart volke aan te neem en neem eerder blanke Boere aan om op jou plaas of in jou besigheid te werk.

6) Begin om die armblanke Boer te beskerm om hulle van die strate af te kry. Gee vir hulle werk, blyplek en kos.

7) Bid onophoudelik dat VADER ons beskik.

8) Laat die Boervolk ontslae raak van alle verkeerd in en rondom hulle

9) Sonder jou af as 'n uitverkore volk van alle volke rondom jou. Jy mag jou nie met hulle verswaar nie. Jy mag nie jou seun of dogter aan hulle gee nie.

Mense wat het in die puin gelê wat Nehemia wou oprig? Skande, swakheid, verlore, vergete, treurigheid, smaad, ens. Is dit nie waar ons as die Boerevolk ons tans bevind nie?

Laat ons opstaan en laer trek in die land wat aan ons behoort. Kom laat ons bid en die geloftes nakom wat ons voorvader beloof het. Laat ons na die veghekke gaan sonder om te skroom. As daar nie 'n opstand gaan kom sal die hele Boerevolk aan die Suider punt van Afrika tot niet gaan. Ja dit sluit ryk man, edelman en arm man in. Kyk gerus na Rhodesië, Angola, Botswana of Mosambiek waar die arm man eerste uitgedruk was en waar die ryke vasgehou het aan sy aard skatte! Hulle het alles verloor en op die ou end die land moes verlaat.

My beroep is op die ryk man wat tans baie het, verdeel jou skatte nou sodat die Boer weer die land kan besit. Kom uit die BB waar jy 'n swarte as vennoot moet hê. Maak eerder 'n blanke Boer se hart bly om hom 'n vennoot te maak. Waarvoor is jy bang of skrikkerig? Sien jy nie waarheen die land op pad is nie? Koop, verkoop en onderhandel met jou mede broer.

Nou vra ek: wat lê in puin wat YAHUSHA wil oprig? 'n Verlore volk, 'n Volk in nood ja 'n verdwaalde Volk.

Daarom my broer in YAHUSHA kom uit hulle uit en kom na jou volk in nood. Luister na die geroep en smee van die bouers van die volk. Bring jou 10 de, bring jou besittings en deel dit uit onder jou mense. *Luk. 18:22 En toe ~~Jesus~~ YAHUSHA dit hoor, antwoord Hy hom: Nog een ding ontbreek jou—verkoop alles wat jy het, en verdeel dit onder die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, volg My. Hand.2:45 En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het.:46 En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet,:47 terwyl hulle ~~God~~ VADER geprys het en in guns was by die hele volk. En die ~~Here~~ Meester het daaglik by die gemeente gevoeg die wat gered is.*

Kom ons doen 'n laer gebed en mag VADER ons as volk aansien:

O VADER hoe kan enige saak sonder U toestemming begin? Hier waar ons gelaer staan teen die vyand smee ons U teenwoordigheid. Wys ons elk uit hoe ons, ons moet gedra teen die vyand. Ons wat onder die vaandel van U Seun YAHUSHA staan wat die voorreg het om uit te kan roep as kinders van die almagtige VADER, smee ons weereens die hulp van U Seun soos van ouds.

Die vyand wat buite die laer lê het reeds so baie van ons vroue en kinders verkrag en vermoor daarom die gebed van redding tot oorwinning. Hulle wat geen respek het teenoor U natuur of skepping nie, hulle "die heiden" wat geen ontsag het vanaf die suigeling tot 'n bejaarde nie.

Laat toe ons begeerte om op te tree teen ons vyand vir voortbestaan in die land wat U aan ons vaders gegee het. Beskerm ons by die veg-hekke dat die spiese en pyle ons nie sal dood nie o VADER.

Ons staan voor U o VADER as U uitverkore, beskerm ons hier in die laer teen ons vyand en gee hulle oor in ons hand sodat ons, ons kan wreek op hulle.

Laat die wêreld U hand sien tot redding van U volk. Laat die heiden verbaas staan terwyl U aan die werk is.

Nogtans nie ons wil nie 'o' VADER

HalleluYAH

Ns. Lees die gebed 'n paar maal en word stil voor VADER. Pleit by HOM dat HY na jou gebed sal luister. Lees die traktaat oor en dupliseer dit onder die volk. Ons hulp lê by VADER. Laat toe dat HY weer SY Seun YAH na ons sal stuur om ons uit ons nood te help!

Bedink dit